LAERSKOOL

CHARLO

PRIMARY

18 Januarie 2021

Geagte Nasorgouers

Hier volg 'n paar feite waarvan die nasorgouers moet kennis neem.

1. Nasorgfooie word jaarliks vanaf Januarie tot November gehef ('n tydperk van 11 maande).
2. Nasorgfooie vir Januarie tot Maart beloop R600 per maand, aangesien geen voedsel bedien mag word volgens Covid-19 regulasies nie. Maak seker dat u kind genoeg eet- en drinkgoed het vir die hele dag.
3. Nasorgfooie vanaf April sal R760 wees en sluit etes in - indien Covid-19 regulasies verander.
4. Alhoewel die skool eers op 15 Februarie heropen, is Nasorg alreeds oop vanaf 11 Januarie tot en met 14 Februarie vanaf 07:00 tot 17:00. Vanaf 15 Februarie is nasorg oop vanaf 07:00 tot 17:00 (nie later as 17:30 nie).
5. Die dae wat u kind nié skool bywoon nie, is u kind welkom om Nasorg by te woon vanaf 07:00 tot 17:00 (nie later as 17:30 nie).
6. Die dae wat u kind skool bywoon, kom hy direk na skool Nasorg toe.
7. Graad 1 en 2 leerders se huiswerk sal by Nasorg gedoen word, behalwe spoedlees en woorde.
8. Graad 3 tot 7 leerders sal deur die Nasorgonderwyseres met huiswerk gehelp word.
9. Graad RR en graad R leerders sal in die klas gehou word. Hulle moet iets saambring om hulself mee besig te hou, bv. inkleurboek, kryte, eie speelgoed. GEEN speelgoed wat geluide maak, balle of klei nie.

Hoop dit beantwoord alle vrae.

Groete
Nicky Axford

MILESWEG / ROAD, CHARLO, PORT ELIZABETH
POSBUS / PO BOX 5393, WALMER, 6070
TEL: 041 367 1172
FAX: 041 367 2334
EMAIL: info@charlo.co.za
WEB: www.charlo.co.za
FACEBOOK: http://www.facebook.com/CharloPrimarySchool